34. The following section is hereby substituted for section 57 of the principal by-law:

“Wells, boreholes, wellpoints and excavations

57. Every owner of premises must ensure that any well, borehole, well-point, installation relating to alternative water or any other excavation relating thereto located on his or her premises—

(a) is adequately safeguarded from creating a health nuisance;

(b) is not filled in a way or with material that may cause an adjacent well, borehole or underground source of water to become polluted or contaminated; **[and]**

[(c) no interconnection is made between a water installation supplied from the main and any other source of water supply.]

(d) is registered or re-registered on the database of the City and a sign provided by the City is prominently displayed on the property; and

(e) where water is being used from boreholes and well points, it shall be used sparingly and efficiently and where used for irrigation purposes in line with the watering times of the water by-laws of the City.”.

Amendment of section 58 of the City of Cape Town: Water By-law, 2010

35. Section 58 of the principal by-law is hereby amended—

(a) by the insertion after subsection (2) of the following subsection :

“(2A) Authorisation to use water from boreholes, wells and well points must, be sought from the Department of Water and Sanitation in terms of section 39 of the National Water Act,1998 (Act 36 of 1998).”;

(b) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

“(4) The Director may, by written notice, require the owner of any premises within any area of the City upon which a borehole, well and wellpoint exists or, if the owner is not in occupation of such premises, the occupier at the time to notify him or her of the existence of a borehole, well and wellpoint on such premises, and provide [it] him or her with such information about the borehole, well and wellpoint as he or she may require.”;

Amendment of section 59 of the City of Cape Town: Water By-law, 2010

36. Section 59 of the principal by-law is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) The Director may, on application [**in terms of section 13**] by an owner and subject to any other law, grant a supply of non-potable water to a consumer and on such conditions as he or she may deem fit.”;

(b) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

“(2) Any supply of water granted in terms of subsection (1) may not be used for domestic or any other purposes, or in any way which may give rise to a health hazard., without the prior written approval of the Director, and in accordance with any conditions determined by him or her.”.

Amendment of section 61 of the City of Cape Town: Water By-law, 2010

37. Section 61 of the principal by-law is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

“(3) Every warning notice referred to in subsections (1) and (2) must be in the three official languages, used in the Province.

[Irrigation systems]”

Substitution of section 62 of the City of Cape Town: Water By-law, 2010

38. The following section is hereby substituted for section 62 of the principal by-law:

“Irrigation systems

62. Where a new irrigation system, which is to be supplied from an existing domestic connection or another existing irrigation connection, is installed—

(a) the size of the existing connection must be reviewed by the City; **[and]**

(b) all materials used in the system must comply with SABS requirements[.];

- (c) it shall be installed in such a way as to minimize water wastage onto hard surfaces; and
- (d) it shall be able to be adjusted to prevent water wastage during cooler or rainy weather conditions.”.

Substitution of section 63 of the City of Cape Town: Water By-law, 2010

39. The following section is hereby substituted for section 63 of the principal by-law:

“Appeals

63. A person whose rights are affected by a decision taken in terms of a power or duty delegated or sub-delegated in terms of this By-law, may appeal against that decision in accordance with section 62 of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act No. 32 of 2000). **[Offences and penalties]”**

Substitution of section 64 of the City of Cape Town: Water By-law, 2010

40. The following section is hereby substituted for section 64 of the principal by-law”

“Offences and penalties

64. Subject to section 36(7), any person who—

- (a) contravenes or fails to comply with any provision of this By-law;
- (b) fails to comply with any notice issued, or lawful instruction given, in terms of this By-law; **[or]**
- (c) obstructs or hinders any authorized **[representative or employee of the City] official** in the execution of his or her duties under this By-law~~],; or~~
- (d) deliberately furnishes false or misleading information to an authorized official,

is guilty of an offence and is~~], on conviction,~~ liable to a fine or upon conviction to a [term] period of imprisonment not exceeding five years or to both such fine and [term]period of imprisonment.”.

Substitution of Schedule 1 of the City of Cape Town: Water By-law, 2010

41. Schedule 1 of the principal by-law is hereby amended—

(a) by the substitution for Schedule 1 of the following Schedule:

“Schedule 1**Water Conservation and Demand Management**

(Section 38)

1 No person may without prior written authority from the Director, water a garden, sports field, park, or other grassed area using potable water, between the hours of ~~[10:00]09:00~~ and ~~[16:00]18:00~~

2 Where a hosepipe is used to irrigate a garden, park, or sports field ~~[from a potable water source]~~a controlling device such as a sprayer or automatic self-closing device must be attached to the hose end.

2A Automated sprinkler systems should be able to be correctly positioned and be able to be adjusted to prevent water wastage.

3 No person may without prior written authority from the Director hose down a hard-surfaced or paved area using water from a potable source.

4 A hosepipe used for washing vehicles, boats, and caravans must be fitted with an automatic self-closing device.

5 Automatic top up systems using a float valve fed from a potable water source to supply swimming pools and garden ponds is not allowed.

6 Commercial car wash industries must comply with industry best practice norms regarding water usage per car washed.

7 Wash-hand basins provided in public facilities must be fitted with demand type taps.

8 Showers provided at public facilities must be fitted with demand type valves.

9 Potable water may not be used to dampen building sand and other building material to prevent it from being blown away.

10 Stand pipe draw-off taps must be at a height of at least 450mm, measured above ground level.

11 The maximum flow rate from any tap installed in a wash hand basin may not exceed 6 litres per minute.

12 The maximum flow rate from any showerhead may not exceed ~~[10]~~ 7 litres per minute.

13 ~~New or replaced [W]~~water closet cisterns may not exceed~~[9.5]~~ 6 litres in capacity.

14 No automatic cistern or tipping tank may be used for flushing a urinal

15 All automatic flushing cisterns fitted to urinals, must be replaced with either manually operated systems or non-manual apparatus which causes

the flushing device to operate only after each use of such urinal or waterless systems that must be properly maintained.

16 Terminal water fittings installed outside any buildings other than a residential dwelling must—

(a) incorporate a self-closing device; or

(b) have a removable handle for operating purposes; or

(c) be capable of being locked to prevent unauthorized use; or

(d) be of a demand type that limits the quantity of water discharged in each operation.

17 Water Audit

(a) Major water users (those using more than 10 000 kilolitres per annum), excluding those comprising multiple dwelling units, must

undertake an annual water audit. The audit must be carried out no later than two weeks after the end of each financial year of the City.

The audit report must be available for inspection by officials from the Department of Water and Sanitation [Affairs and Forestry], the Water Board (where applicable) and the City.

(b) The audit must detail the following—

(i) amount of water used during a financial year;

(ii) amount paid for water for the financial year;

(iii) number of people living on the stand or premises;

(iv) number of people permanently working on the stand or premises;

(v) comparison of the above factors with those reported in each of the previous three years (where available);

(vi) seasonal variation in demand (monthly consumption figures);

(vii) detailed methods of water pollution monitoring ;

(viii) details of current initiatives to manage their demand for water;

(ix) details of future plans to manage their water demand;

(x) comparison of the above factors with those reported in each of the previous three years (where available); and

(xi) estimate of consumption by various components in use such as appliances and terminal water fittings.

18 No person may allow water, used as a heat-exchange medium in any equipment or plant and supplied from a water installation, to run continuously to waste except for maintaining a prescribed level of total dissolved solids in a recirculating plant.”

19. All swimming pools must be covered by a pool cover to avoid evaporation when not in use.”.

Repeal of Schedule 4 of the City of Cape Town: Water By-law, 2010

42. Schedule 4 of the principal by-law is hereby repealed.

Short Title

43. This By-law is called the City of Cape Town: Water Amendment By-law, 2018.

STAD KAAPSTAD
WATERWYSIGINGSVERORDENING, 2018

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE AANTEKENING:

[] Woorde in vetdruk in vierkantige hakies dui op weglatings uit bestaande wetgewing.

_____ Woorde met 'n soliede streep onderstreep dui op invoegings in bestaande wetgewing.

Om die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010, te wysig om sekere woordomsrywings te wysig en in te voeg; om voorsiening te maak vir die beheer en regulering van waterdienste in die Stad; om voorsiening te maak vir die implementering van voorafbetaalmeters en privaat submeters; om voorsiening te maak vir die registrasie van loodgieters; om voorsiening te maak vir die kansellering van registrasie van loodgieters; om voorsiening te maak vir die verantwoordelikhede van loodgieters; om voorsiening te maak vir die oplegging van waterbeperkings; om voorsiening te maak vir die installering van alternatiewe waterstelsels; om die bepaling met betrekking tot misdrywe en strawwe te wysig; om voorsiening te maak vir die vervanging van Bylae 1; om Bylae 4 te herroep; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee gepaard gaan.

HIERMEE WORD soos volg deur die Raad van die Stad Kaapstad VERORDEN:-

Wysiging van artikel 1 van die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010

1. Artikel 1 van die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010 (hierna die hoofverordening genoem), word hiermee gewysig—

a) deur die volgende woordomskrywing na die woordomskrywing van “aansluitwatertoebehore” in te voeg:

“alternatiewe water” water wat uit 'n ander bron as munisipale drinkwater verkry is, en sluit in—

(a) gryswater,

(b) reënwater,

(c) behandelde uitvloeisel;

(d) oppervlakwater, ook seewater; en

(e) water uit 'n boorgat, put, syferboorgat of fontein;

b) deur die volgende woordomskrywing na die woordomskrywing van “basiese watervoorsiening”

in te voeg:

“bedryfsbestepraktynorme” herwinning en hergebruik van minstens 50% van die water wat gebruik is;

c) deur die volgende woordskrywing na die woordskrywing van **“boorgat”** in te voeg:

“bybehorende beskermingstoestelle” die veiligheidstoestelle wat deel uitmaak van die warmwatersilinderinstallasies wat oormatige temperature of druk in die stelsel verhoed;

d) deur die woordskrywing van **“gemagtigde beampte”** deur die volgende woordskrywing te vervang:

“gemagtigde beampte” ’n [beampte] werknemer van die Stad verantwoordelik vir [die implementering en toepassing van hierdie Verordening] die verrigting van enige plig of funksie of die uitoefening van enige bevoegdheid ingevolge hierdie Verordening en ook werknemers aan wie die verrigting of uitoefening van sodanige pligte, funksies of bevoegdhede gedelegeer is;

e) deur die volgende woordskrywing na die woordskrywing van **“gemagtigde beampte”** in te voeg:

“geregistreerde loodgieter” ’n loodgieter wat ingevolge artikel 46A by die Stad geregistreer is;

f) deur die woordskrywing van **“huishoudelike doeleindes”** deur die volgende woordskrywing te vervang:

“huishoudelike doeleindes” met betrekking tot watervoorsiening, water wat vir drink-, was- en kookdoeleindes voorsien word [**uitgesonderd toilette en urinale**];

g) deur die volgende woordskrywing na die woordskrywing van **“Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleidverordening”** in te voeg:

“loodgieterkomponente” enige passtuk, pyp, toebehoorsel, meter of enige ander deel van ’n loodgieterinstallasie of waterdienste-infrastruktuur wat gebruik word om water te vervoer;

h) deur die woordskrywing van **“meter”** deur die volgende woordskrywing te vervang:

“meter” ’n toestel wat deur die Stad geïnstalleer en in stand gehou word om die hoeveelheid water wat daardeur vloei te meet soos in die Wet op Handelsmetrologie, 1973 (Wet Nr. 77 van 1973), soos gewysig, [**voorsien is**] bedoel;

i) deur die volgende woordskrywing na die woordskrywing van **“meter”** in te voeg:

“nuwe ontwikkeling” verwys na grondontwikkeling vir kommersiële, nywerheids- of behuisingsdoeleindes, en sluit deeltiteleenhede, enkeltiteltrosbehuising, omheinde ontwikkelings, woonstelblokke, ens. in, maar sluit alleenstaande huishoudings uit;

- j) deur die volgende woordoms krywing na die woordoms krywing van **“persoon”** in te voeg:

“peuter” sluit in om op enige manier, met enige metode of toestel te verander, te sny, te versteur, in te meng, te onderbreek, te manipuleer, te versper, te verwyder of uit te grawe;

- k) deur die volgende woordoms krywing na die nuwe woordoms krywing van **“peuter”** in te voeg:

“privaat submeter” ’n toestel wat deur iemand anders as die Stad besit, geïnstalleer en in stand gehou word om die hoeveelheid water wat daardeur vloei te meet soos in die Wet op Handelsmetrologie, 1973 (Wet Nr. 77 van 1973), soos gewysig, bedoel;

- l) deur die woordoms krywing van **“Raad”** deur die volgende woordoms krywing te vervang:

“Raad” die Munisipale Raad van die Stad [of enige politieke struktuur, politieke ampsbekleër, raadslid of personeellid van die Stad, behoorlik deur delegasie gemagtig];

- m) deur die woordoms krywing van **“Stad”** deur die volgende woordoms krywing te vervang:

“Stad” die Stad Kaapstad, ’n munisipaliteit ingestel by die Stad Kaapstad Instellingskennisgewing Nr. 479 van 22 September 2000, uitgereik ingevolge [artikel 12 van] die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998, [(Wet Nr. 117 van 1998)] of enige struktuur of werknemer van die Stad wat kragtens gedelegeerde magtiging optree;

- n) deur die volgende woordoms krywing na die woordoms krywing van **“verbruiker”** in te voeg:

“voorafbetalometer” ’n Stadsmeter wat geprogrammeer kan word om die vloei van ’n vooraf gekoopte volume water na die verbruiker toe te laat.

Vervanging van die woord “Direkteur” in die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010

2. Die hoofverordening word hiermee gewysig deur die woord “Direkteur” waar dit ook al voorkom deur die woorde “gemagtigde beampte” te vervang, behalwe in artikels 3(2), 5, 7, 31, 36(1) en 46A.

Wysiging van artikel 2 van die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010

3. Artikel 2 van die hoofverordening word hiermee gewysig—

- a) deur die volgende subartikels na subartikel (1) in te voeg:

“(1A) Die eienaar is daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat hierdie Verordening nagekom word ten opsigte van alle aangeleenthede wat met die waterinstallasie en die instandhouding daarvan verband hou.”;

“(1B) Die verbruiker is verantwoordelik vir die nakoming van hierdie Verordening ten opsigte van aangeleenthede wat met die vermorsing of ander misbruik van water verband hou.”;

b) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

“(5) Waar dit nie redelik moontlik of koste-effektief is om aan elke verbruiker in ’n bepaalde gebied water te voorsien nie, **[kan die Direkteur, in oorleg met die Uitvoerende Direkteur: Stadsgeondheid] moet die Raad** ’n alternatiewe manier van watervoorsiening bepaal.”.

Wysiging van artikel 8 van die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010

4. Artikel 8 van die hoofverordening word hiermee gewysig—

a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“8. (1) Enige lid van die publiek wat bewus word van ’n noodgeval of dreigende situasie **[wat dringend aandag verg of ’n situasie]** wat **[watervermorsing of besoedeling]** die vermorsing of besoedeling van water, skade aan eiendom of die risiko van besering van ’n persoon tot gevolg kan hê, moet die Direkteur onmiddellik daarvan verwittig.”.

Herroeping van artikel 11 van die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010

5. Artikel 11 van die hoofverordening word hiermee herroep.

Wysiging van artikel 12 van die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010

6. Artikel 12 van die hoofverordening word hiermee gewysig—

a) deur paragraaf (a) van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) tensy ’n ooreenkoms waarna in artikel 13 of **[14]15** verwys word, aangegaan is;”;

b) deur paragraaf (b) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(b) die **[hoeveelheid] volume** water waarvoor die Stad vergoeding kan eis **[waar bewese diefstal plaasgevind het,]** bepaal **[, die Direkteur moet] deur die** maksimum vloeitempo van ’n watermeter **[wat voldoen aan die regulasies wat met betrekking tot watermeters kragtens die Wet op Handelsmetrologie, 1973 (Wet Nr. 77 van 1973), gepubliseer is en]** wat dieselfde grootte **[in deursnit het] is** as die pyp waaruit die ongemagtigde water onttrek is**[, gebruik]** en wat voldoen aan die Wet op Handelsmetrologie, 1973 (Wet Nr. 77 van 1973) of soos gewysig, te gebruik.”.

Wysiging van artikel 13 van die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010

7. Artikel 13 van die hoofverordening word hiermee gewysig—

a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Water word nie uit die watervoorsieningstelsel aan ’n [nuwe] perseel voorsien nie tensy die eienaar by die Stad daarom aansoek gedoen het en sodanige aansoek deur die Direkteur goedgekeur is.”;

b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) Die eienaar is aanspreeklik vir alle gelde ten opsigte van die voorsiening van water soos ingevolge die Verordening op Tariewe bepaal totdat die toevoer op versoek van die eienaar onderbreek word of die ooreenkoms ingevolge artikel 18 beëindig is, en die eienaar word vir alle doeleindes gedurende die [bestaan] termyn van die ooreenkoms geag die verbruiker te wees.”;

c) deur die volgende subartikel na subartikel (5) in te voeg:

“(5A) Wanneer aansoek gedoen word om watervoorsiening aan ’n onbeboude erf, word die voorsiening geag vir boudoeleindes te wees en sal dit deur ’n tydelike aansluiting bedien word, tensy andersins ooreengekom.”;

d) deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

“(6) Die eienaar moet, wanneer die doel van watergebruik waarvoor in subartikel (4)(f) aansoek gedoen is of die omvang van waterverbruik waarvoor aansoek gedoen word, verander, die Stad onverwyld van die verandering in kennis stel en ’n nuwe ooreenkoms met die Stad sluit[.], wat watervoorsiening ingevolge artikel 24(5A) insluit.”;

Vervanging van artikel 14 van die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010

8. Artikel 14 van die hoofverordening word hiermee deur die volgende artikel vervang:

“Oordrag van eienaarskap

14. [(1) Die verkoper moet, voor oordrag van ’n eiendom, ’n sertifikaat van ’n geakkrediteerde loodgieter indien wat sertifiseer dat—

- (a) die waterinstallering aan die nasionale bouregulasies en hierdie Verordening voldoen;**
- (b) daar geen foute is nie;**
- (c) die watermeter registreer; en**
- (d) daar geen stormwater in die rioolstelsel inloop nie.**

(2) Die sertifikaat na verwys in subartikel (1) moet in die formaat van die vorm aangeheg as Bylae 4 wees.]

(1) Die verkoper moet, voor oordrag van ’n eiendom, ’n goedkeuringssertifikaat van ’n geregistreerde loodgieter indien wat sertifiseer dat die waterinstallering aan die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977 (Wet Nr. 103 van 1977), en hierdie Verordening voldoen.

(2) Die sertifikaat waarna in subartikel (1) verwys word, is beskikbaar op die Stad se webwerf.

(3) Enige persoon wat vals inligting verskaf op 'n sertifikaat waarna in subartikel (1) verwys word, kan ingevolge artikel 64 vervolg word.”

Vervanging van artikel 19 van die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010

9. Artikel 19 van die hoofverordening word hiermee deur die volgende artikel vervang:

“Inmenging met die watervoorsieningstelsel

19. Niemand [**behalwe die Stad**] mag, tensy deur die Stad ingevolge hierdie Verordening gemagtig—

- (a) met infrastruktuur behorende aan die Stad vir die voorsiening van waterdienste [**bestuur, mee**] inmeng of peuter of dit bedryf of in stand hou nie; of
- (b) 'n aansluiting aan die watervoorsieningstelsel maak nie.”

Wysiging van artikel 21 van die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010

10. Artikel 21 van die hoofverordening word hiermee gewysig—

- a) deur in subartikel (3) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

“(3) Die Direkteur moet die volgende bepaal—

- b) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

“(7) Tensy die Direkteur andersins instem, mag slegs een kommunikasiepyp per tipe waterinstallasie aan 'n perseel verskaf word om waterverbruik te bepaal[, **ongegag die getal wooneenhede, sake-eenhede of verbruikers op sodanige perseel**].”;

- c) deur subartikel (9) te skrap.

Wysiging van artikel 24 van die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010

11. Artikel 24 van die hoofverordening word hiermee gewysig—

- a) deur die volgende subartikel na subartikel (5) in te voeg:

“(5A) Totdat die goedkeuringssertifikaat waarna in artikel 46(1)(b) verwys word deur die Stad ontvang is, sal water nie deur middel van 'n kommunikasiepyp wat vir die voorsiening van water vir boudoeleindes aangelê is, aan 'n waterinstallasie voorsien word nie, en indien so 'n sertifikaat nie ontvang is nie, kan die Direkteur die watertoevoer aan daardie waterinstallasie afsny of inkort.”;

- b) deur in subartikel (6) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

“(6) Die Direkteur kan ’n [W]waterbestuurtoestel of voorafbetaalmeter op enige perseel as deel van die watermeter en sy bybehorende apparaat installeer om—”;

c) deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

“(7) Indien ’n [W]waterbestuurtoestel of voorafbetaalmeter op ’n perseel geïnstalleer is, kan ’n verbruiker versoek dat ’n ooreenkoms ingevolge die Stad se Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleidverordening, 2006, met die [Direkteur] Stad aangegaan word om die [drink] huishoudelike watertoevoer aan sy of haar perseel op ’n voorafbepaalde daaglikse volume te stel.”.

Wysiging van artikel 27 van die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010

12. Artikel 27 van die hoofverordening word hiermee gewysig—

a) deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(a) die ooreenkoms vir watervoorsiening ingevolge artikel [17]18 beëindig is en die Direkteur geen aansoek vir die verdere voorsiening van water aan die perseel wat deur die kommunikasiestyp bedien word, binne ’n tydperk van 90 dae na sodanige beëindiging ontvang het nie;”.

Wysiging van artikel 28 van die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010

13. Artikel 28 van die hoofverordening word hiermee gewysig—

a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Water wat aan ’n perseel voorsien word moet vloei deur ’n meter wat tussen die kommunikasiestyp en waterinstallasie **[en op ’n plek wat die Direkteur bepaal]** geïnstalleer is, **[met dien verstande dat dit nie nodig is om ’n meter aan te bring nie in die geval van—**

- (a) ’n outomatiese sprinkelbrandinstallasie;
- (b) ’n brandinstallasie ten opsigte waarvan maatreëls getref is om ongemagtigde wateraftapping vir ander doeleindes as brandbestryding op te spoor;
- (c) omstandighede soos deur die Direkteur bepaal; of
- (d) waar water deur ’n bestaande ongemeterde brandaansluiting verbruik word.]”;

b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) Die Direkteur kan, nadat die eienaar van die eiendom skriftelik in kennis gestel is van sy of haar voorneme om ’n meter in ’n bestaande ongemeterde brandaansluiting **[waarna daar in subartikel (1)(d) verwys word,]** op die koste van die Stad aan te bring, sodanige meter aanbring en daarna ’n rekening lewer vir water wat deur middel van die verbinding verbruik word.”;

c) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) ’n Meter en sy bybehorende apparaat **[wat] word** deur die Stad verskaf en aangebring **[is]**, bly die eiendom van die Stad en **[mag] kan** vervang word wanneer die Direkteur dit nodig ag.”;

d) deur subartikel (9) deur die volgende subartikel te vervang:

“(9) Die Direkteur kan op koste van die eienaar ’n privaat submeter, [of toestel wat volume beheer] waterbestuurtoestel of voorafbetaalmeter aanbring of laat aanbring vir elke deel, sake- of wooneenheid op enige perseel om die hoeveelheid water wat aan elke deel, sake- of wooneenheid of gedeelte van die perseel gelewer word, te bepaal.”;

e) deur subartikel (13) deur die volgende subartikel te vervang:

“(13) Indien toegang tot ’n meter wat ingevolge subartikel (4)(a) geïnstalleer is, vir doeleindes van lesing geweier word, is die eienaar vir die duur van sodanige weiering aanspreeklik vir die koste van die water wat vermors word as ’n lek op sodanige meter en sy bybehorende apparaat sou ontstaan **[of opmerklik is op daardie gedeelte van die dienspyp binne sodanige perseel, soos gemeet deur ’n meter wat ingevolge subartikel (12)(a) geïnstalleer is]**.”;

f) deur subartikel (20) deur die volgende subartikel te vervang:

“(20)(a) Wanneer die eienaar, **[of]** die persoon in beheer of die bestuur van enige perseel waarop daar ’n aantal **[woon]**eenhede is, ’n watertoevoer na sodanige perseel verlang sodat **[elke] verskillende [eenheid] eenhede of verskillende gedeeltes van die perseel** ’n afsonderlike watertoevoer kan kry, **[kan] moet** die Direkteur, [—]

[(a)] behoudens item 20(b), ’n enkel meter vir die perseel as ’n geheel [of enige getal sodanige wooneenhede; of] verskaf en installeer.

[(b)] Die Direkteur kan ’n aansoek om afwyking goedkeur indien dit afsonderlik gemotiveer word. [(b) ’n afsonderlike meter, op die grens van die eiendom waarvan die eiendomsreg by die Stad berus, vir elke wooneenheid of enige getal wooneenhede verskaf en installeer.]”;

g) deur subartikel (21) deur die volgende subartikel te vervang:

“(21) Indien **[die Direkteur]** ’n **[enkel]** meter geïnstalleer **[het] word**, soos bedoel in subartikel (20)**[(a)]**, moet die eienaar, **[of]** die persoon in beheer of die bestuur van die perseel aan elke takpyp **[vanaf die kommunikasiepyp]** tot by die onderskeie **[woon]**eenhede—

(a) **[’n afsonderlike meter] ’n isoleerklep;** en

(b) **[’n isoleerklep] ’n waterbestuurtoestel, voorafbetaalmeter of ’n privaat submeter**

installeer en in stand hou, en is hy of sy teenoor die Stad aanspreeklik vir die betaling van die voorgeskrewe bedrae vir alle water wat deur so ’n meter aan die perseel gelewer word, ongeag die onderskeie hoeveelhede water wat die verskillende verbruikers wat deur sodanige meter bedien word, verbruik het.”;

h) deur die volgende subartikels na subartikel (21) in te voeg:

“(22) Indien afsonderlike privaat submeters vir individuele woon- of kommersiële eenhede op enige grond bestaan, moet die eienaar, persoon in beheer of die bestuur van die perseel die maandelikse gebruik van elke individuele eenheid monitor en aanteken en gedetailleerde rekords ten opsigte daarvan vir ’n tydperk van minstens vier en twintig maande behou.

(23) Die persoon in beheer of die bestuur van ’n perseel waarop afsonderlike privaat submeters vir individuele woon- of kommersiële eenhede bestaan, moet die Stad in kennis stel en aan die Stad bewys lewer van watergebruik op enige sodanige eenheid wat enige waterbeperkings oortree of aangewese gebruikskerke oorskry wat van tyd tot tyd deur die Direkteur voorgeskryf word, binne een en twintig dae nadat sodanige oortreding of oorskryding waargeneem word. Die Stad is vervolgens geregtig om sodanige afdwingingstappe wat in hierdie Verordening voorgeskryf word, direk teen die eenaar of persoon in beheer van die betrokke eenheid te doen.”.

Wysiging van artikel 31 van die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010

14. Artikel 31 van die hoofverordening word hiermee gewysig—

a) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

“(4) Behoudens subartikel (1), dek [D] die herverkoop van water [is bedoel om] die koste [te dek] van die voorsiening van water—

[(a) aan ander munisipaliteite;

(b) aan die Hawe-owerheid van Suid-Afrika;

(c) aan die Lughawemaatskappy van Suid-Afrika;]

(d) in gevalle waar die Stad nie direkte toegang tot ’n eiendom kan verkry nie;

(e) indien die uitbreiding van die Stad se netwerk om ’n eiendom te bedien nie dadelik onderneem kan word nie; of

(f) indien ’n grootmaat-hoofwaterpyp oor ’n eiendom loop wat nie deur ’n ander waterdienste-owerheid bedien kan word nie.”.

Wysiging van artikel 32 van die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010

15. Artikel 32 van die hoofverordening word hiermee gewysig—

a) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

“(5) Indien ’n meter wat ingevolge artikel 28(4)(a) en (4)(b) geïnstalleer is opgehou het om te funksioneer en nie die verbruik wat daardeur vloei registreer nie, word dit geag foutief te wees.

[Raming van hoeveelheid water met foutiewe meter aan verbruiker gelewer].”.

Vervanging van artikel 33 van die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010

16. Artikel 33 van die hoofverordening word hiermee deur die volgende artikel vervang:

“Raming van hoeveelheid water met foutiewe meter aan verbruiker gelewer

(1) Wanneer ’n meter ingevolge artikel 31(3), (4) of (5) foutief bevind word, kan die Direkteur die hoeveelheid water wat aan die verbruiker gelewer is gedurende die tydperk waarin die meter foutief

was, raam ooreenkomstig die Stad Kaapstad se Tariefbeleid en volgens die gemiddelde daaglikse hoeveelheid water gelewer gedurende—

- (a) ’n tydperk tussen twee opeenvolgende meterlesings nadat die meter vervang is;
- (b) ’n tydperk in die vorige jaar wat ooreenstem met die tydperk waartydens die meter foutief was; of
- (c) die tydperk tussen drie opeenvolgende meterlesings voordat die meter foutief geword het, watter een die Direkteur ook al die gepaste ag.

(2) Indien die hoeveelheid water wat aan ’n verbruiker gelewer is gedurende die tydperk waarin ’n meter foutief was, nie ingevolge subartikel (1) geraam kan word nie, kan die Direkteur die hoeveelheid raam volgens enige ander metode wat beskikbaar is.

(3) Die verbruiker moet ingelig word van die metode wat die Direkteur gebruik het om die hoeveelheid water wat aan hom of haar gelewer is te raam, soos bedoel in subartikel (1) of (2), en die geleentheid gegun word om verhoë tot die Direkteur te rig [**voordat ’n finale raming gemaak word**].”.

Wysiging van artikel 34 van die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010

17. Artikel 34 van die hoofverordening word hiermee gewysig—

- a) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

“(4) Kortings word slegs toegestaan vir ondergrondse lekke, vir kategorieë wat in die Stad Kaapstad se Tariefbeleid gespesifiseer word en waar die herstel van sodanige lekke [**visueel**] deur ’n beamppte van die Stad bevestig is.”.

Wysiging van artikel 35 van die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010

18. Artikel 35 van die hoofverordening word hiermee gewysig—

- a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Indien die Direkteur, vir ander doeleindes as om gelde vir water wat verbruik is te vorder, die hoeveelheid water wat in ’n gedeelte van ’n waterinstallasie gebruik word wil bepaal, kan hy of sy die eienaar by skriftelike kennisgewing verwittig van sy of haar voorneme om ’n meettoestel of ’n voorafbetaalmeter by ’n plek in die waterinstallasie wat hy of sy aanwys, te installeer.”.

Wysiging van artikel 36 van die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010

19. Artikel 36 van die hoofverordening word hiermee gewysig—

- a) Wysiging van die Engelse teks noodsaak nie ’n wysiging van die Afrikaanse teks van die verordening nie.

b) deur die volgende subartikels na subartikel (5) in te voeg:

"(6) Die Raad kan waterbeperkings oplê deur 'n aanwysing ingevolge artikels 54(3)(b) en 55(2) van die Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet Nr. 57 van 2002), uit te reik wanneer 'n plaaslike ramp as gevolg van 'n skaarste aan water verklaar is of in 'n poging om te verhoed dat so 'n ramp verklaar word.

(7) 'n Persoon wat versuim om te voldoen aan waterbeperkings wat ingevolge subartikel (6) opgelê is, is skuldig aan 'n misdryf en is strafbaar met 'n boete of by skuldigbevinding met gevangenisstraf van hoogstens ses maande."

Skraping van artikels 39, 40 en 41 van die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010

20. Artikels 39, 40 en 41 van die hoofverordening word hiermee geskrap.

Wysiging van artikel 42 van die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010

21. Artikel 42 van die hoofverordening word hiermee gewysig—

a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Indien 'n eienaar 'n nuwe waterinstallasie wil [installeer] bou of 'n bestaande een wil uitbrei, moet hy of sy eers die skriftelike goedkeuring van die Direkteur daartoe verkry op planne wat vir ondersoek voorgelê moet word; met dien verstande dat goedkeuring nie nodig is vir die herstel of vervanging van 'n bestaande pyp of watertoebehore nie, buiten 'n vaste waterverwarmer en sy bybehorende beskermingstoestelle, in welke geval slegs 'n kennisgewing vereis word."

b) deur subartikel (3) te skrap.

c) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

"(5) Wanneer opknappings aan 'n bestaande gebou 'n bouplangoedkeuringsproses aan die gang sit, moet [V]volledige besonderhede van enige [beoogde] waterbewaring- en wateraanvraagbestuurstelsel of alternatiewe waterstelsels [soos 'n gryswaterstelsel, lugversorger of aftapping] vir spoeltoilette, besproeiing, volmaak en byvul van swembaddens of ander nie-huishoudelike doeleindes [moet] die bouplanne vergesel."; en

(b) deur die volgende subartikels na subartikel (5) in te voeg:

"(6) Alle nuwe ontwikkelings moet voorsiening maak vir die installering van waterbewaring- en wateraanvraagbestuurstelsels of alternatiewe waterstelsels vir nie-huishoudelike doeleindes en volledige besonderhede daarvan moet die bouplanne vergesel.

(7) Die eienaar moet die Stad in kennis stel wanneer enige van die volgende loodgieterkomponente geïnstalleer of verander word:

(a) 'n vaste waterverwarmer;

(b) hittepompinstallasies; en
(c) sonkragwarmwaterpanele,
saam met hulle bybehorende beskermingstoestelle.

(8) Die bepalings van hierdie artikel stel niemand daarvan vry om aan toepaslike beleide, standaarde of enige toepaslike wetgewing te voldoen nie.”.

Wysiging van artikel 44 van die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010

22. Artikel 44 van die hoofverordening word hiermee gewysig—

a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Tensy die Direkteur skriftelik anders bepaal het, moet die tekeninge wat die nuwe of gewysigde waterinstallasie uitbeeld op velle wees wat nie kleiner as A4 is nie en moet inligting verskaf word in die vorm wat vereis word deur klousule 4.1.1 van SANS 10252:[2004]2012, Deel 1, of soos gewysig, waarvan ’n afskrif by die Direkteur verkry kan word.”;

b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“(3) Indien meer as een tipe waterinstallasie in ’n gebou geïnstalleer gaan word, kan sodanige installasies op dieselfde tekening aangetoon word, met dien verstande dat hulle duidelik onderskei word.”;

c) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

“(4) ’n Bylae wat die getal en tipe van elke [**tipe**] aansluitwatertoehore en die grootte daarvan aandui, moet saam met elke tekening of stel tekeninge voorsien word.”.

Vervanging van artikel 45 van die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010

23. Artikel 45 van die hoofverordening word hiermee deur die volgende artikel vervang:

“Afskrifte van tekeninge moet op perseel gehou word

45. Totdat die Direkteur die [**voldoening**]goedkeuringsertifikaat vir pas voltooide of gewysigde waterinstallasies wat ingevolge artikel 48 voorgelê moet word, ontvang het, moet ’n volledige stel goedgekeurde tekeninge van die installasiewerk te alle tye beskikbaar wees op die perseel waar gewerk word.”.

Invoeging van artikel 46A en artikel 46B in die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010

24. Die volgende artikels word hiermee in die hoofverordening na artikel 46 ingevoeg:

“Registrasie en kansellering van registrasie van loodgieters

46A. (1) Die gemagtigde beampte moet ’n register van geregistreerde loodgieters byhou.

(2) ’n Loodgieter wat ingevolge die Wet op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk, 2008 (Wet Nr. 67 van 2008), gekwalifiseer en geakkrediteer is, kan by die Stad registreer.

(3) Die gemagtigde beampte moet die aansoek oorweeg en bewys van registrasie aan die geregistreerde loodgieter uitreik by betaling van gelde wat van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word.

(4) Die gemagtigde beampte moet die register van geregistreerde loodgieters publiseer.

(5) Ondanks die registrasie van ’n loodgieter se besonderhede ingevolge subartikel (1), is die Stad nie aanspreeklik vir enige misleidende inligting, verkeerde werk of swak vakmanskap wat deur die loodgieter verrig word nie.

(6) Behoudens subartikel (7), kan die Direkteur die registrasie van ’n geregistreerde loodgieter kanselleer en sy of haar naam uit die register verwyder indien daardie geregistreerde loodgieter—

(a) versuim om te voldoen aan die vereistes soos in enige bepaling van hierdie Verordening bedoel;

(b) ’n voldoeningcertifikaat valslik of misleidend voltooi en uitreik; of

(c) toelaat dat sy of haar registrasiebesonderhede op ’n bedrieglike wyse gebruik word.

(7) Voor die kansellering van die registrasie van ’n geregistreerde loodgieter moet die Direkteur—

(a) ’n skriftelike kennisgewing van voorkansellering van registrasie aan die geregistreerde loodgieter beteken, wat redes moet insluit; en

(b) die geregistreerde loodgieter ’n geleentheid gee om skriftelike verhoë te rig waarom sy of haar registrasie nie binne 14 dae na ontvangs van so ’n kennisgewing gekanselleer moet word nie.

(8) Die Direkteur kan deur middel van ’n skriftelike kennisgewing die registrasie van die geregistreerde loodgieter kanselleer—

(a) 14 dae na die betekening van die voorkanselleringskennisgewing wanneer geen verhoë gerig is nie; of

(b) 21 dae nadat skriftelike verhoë ontvang is.

(9) Die gemagtigde beampte kan, na ’n tydperk van 12 maande na die kansellering en verwydering van ’n geregistreerde loodgieter uit die register, ’n aansoek om herregistrasie van so ’n loodgieter oorweeg.

Verantwoordelikhede van ’n geregistreerde loodgieter

46B. Elke geregistreerde loodgieter moet—

(a) toesien dat installasie- of ander werk wat deur hom of haar of onder sy of haar beheer gedoen word, aan hierdie Verordening voldoen;

(b) ingevolge artikel 42(1) 'n goedkeuringssertifikaat vir werk gedoen aan die Stad voorlê waarin gesertifiseer word dat die werk aan hierdie Verordening voldoen; en

(c) 'n afskrif van die goedkeuringssertifikaat aan die eienaar van die eiendom verskaf.”.

Wysiging van artikel 47 van die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010

25. Artikel 47 van die hoofverordening word hiermee gewysig—

(a) deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf (a) voorafgaan, deur die volgende woorde te vervang:

“47(1) Niemand wat nie ingevolge die bepalings van die [**Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid, 1995 (Wet Nr. 58 van 1995)**] Wet op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk, 2008 (Wet Nr. 67 van 2008), gekwalifiseer en geakkrediteer is nie, mag—”; en

(b) deur subartikel (2) te skrap.

Vervanging van artikel 48 van die Stad Kaapstad: Waterverordening, 2010

26. Artikel 48 van die hoofverordening word hiermee deur die volgende artikel vervang:

“Verantwoordelikhede van 'n eienaar van eiendom

48(1) 'n Eienaar van eiendom moet [**toesien dat die installasiewerk wat op sy of haar perseel gedoen word**]

(a) toesien dat die installasiewerk wat op sy of haar perseel gedoen word deur 'n [**gekwalfiseerde persoon of**] loodgieter, gekwalifiseer volgens artikel 47, uitgevoer word;

